

Geopende *Deure* **NUUSBRIEF**

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 jaar diens aan die vervolgte Kerk



HOOP WORD SIGBAAR in die *Midde-Ooste*

September / Oktober 2021

Hoop te midde van tien jaar van oorlog, bl. 2-3 • Midde-Oosterse jeug transformeer die samelewing, bl. 4 • Die vergete storie van vermiste Christene in Irak, bl. 5 • Jou ondersteuning help die Woord van God versprei, bl. 6 • Maak hoop sigbaar, bl. 7 • Vanuit die hart, bl. 8

HOOP

TE MIDDE VAN 10 JAAR VAN OORLOG

Dit is al 'n dekade sedert die burgeroorlog in Sirië begin het. Meer as 'n halfmiljoen mense is doodgemaak, meer as ses miljoen Siriese vlugteling het regoor die wêreld versprei en meer as ses miljoen mense is in Sirië ontwortel. Dit is die tol van tien jaar se oorlogvoering.

Vir kinders soos Michel en die getroude paartjie, Mousa en Nagham, was die afgelope tien jaar uitdagend.



ONTMOET MICHEL...

Op 8 Maart 2011, 'n paar weke voordat die oorlog uitgebreek het, is klein Michel (nou 10) gebore. Toe sy familie uit hul dorp moes vlug, was die wond van sy ma se keisersnee nog nie eers gesond nie. Ná tien dae kon hulle na hul tuisdorp terugkeer, waar hulle vir 'n verdere drie jaar gebly het voordat hulle weer moes vlug. Hulle bly nou in Latakia, Sirië.

Wanneer ons vir Michel uitvra oor die dinge wat hy die meeste van daardie tyd mis, begin hy huil en hardloop uit die vertrek.

Terwyl hy uithardloop, sê sy ma: *"Michel is so trots; hy is 'n betroubare seun. Hoewel hy slegs tien jaar oud is, kan ek op hom staatmaak om kruidenierswinkel toe te gaan en brood by die bakkerij te gaan koop... maar hy steek altyd sy gevoelens weg,"* sê sy ma.

Michel kom weer in en antwoord: *"Ek mis my slaapkamer, veral my bed – dit was met speelgoed gevul en ek was versot daarop."*

Vandag het Michel net een wens: *"Ek wens Sirië net die beste in die lewe toe. Ek wens dit kan weer wees soos wat dit was voordat ek gebore is en hoop dat ons vrede sal kry."*



ONTMOET MOUSA EN NAGHAM...

Mousa (toe 38) en Nagham (toe 35) was besig om hul troue te beplan toe die onrus toegeneem het. Hulle het dit uitgestel, maar is uiteindelik in Junie getroud, te midde van die oorlog. Hulle het gedink die lewe sou binnekort na normaal terugkeer, maar dit het net erger geraak.

Nagham het ʼn paar maande later swanger geraak, maar het weens die spanning van die onrus ʼn miskraam gehad. *“Hierna het ons besluit dat ons nie voor die einde van die oorlog ʼn baba wou hê nie...”* Ná amper twee jaar en met geen einde in sig nie, het hulle egter besluit om met ʼn gesin te begin.

Christa is in 2014 gebore, en Fadi is in 2019 gebore. Dis egter nie maklik om hulle te midde van ʼn oorlog groot te maak nie. *“Daar is geen gas, brandstof of elektrisiteit nie. Daar is ook nie genoeg medikasie, genoeg water of selfs melk vir die kinders nie. Die situasie in die skole is ellendig,”* sê Mousa met hartseer oë.

Dit is waarom jou ondersteuning nou van kardinale belang vir Christene in Sirië is. *“Julle hulp laat ons voel dat ons nie alleen is nie. Ons voel dat daar vir ons hoop is,”* sê Nagham en Mousa, wat een van die Sentrums van Hoop by hulle kerk bystaan.

Soos so baie ander Christene in Sirië, is Mousa en Nagham dankbaar vir jou ondersteuning terwyl die oorlog voortduur. *“Ons het deur die jare duisende honger mense, asook honderde siek en hawelose mense, bereik. Dankie dat jy ons bystaan, ondersteun en vir Siriërs omgee as een Liggaam van Christus.”*



Midde-Oosterse jeug transformeer die samelewing

Deur Calah*, 'n Geopende Deure-werker wat in die Midde-Ooste bly en onder die jeug in hierdie streek werk.

Vervolgung berooft volwassenes van dinge soos sekuriteit, werk, huwelike, hul kinders en meer. Dit kan jongmense egter verhoed om hierdie dinge in die eerste plek te bereik.

Baie Christene in Irak en Sirië leef in 'n konteks waar 'n minderheidsdenkwyse op hulle afdwing word, wat hulle stilmaak en uit die samelewing hou. 'n Doeltreffende manier vir diegene wat die Kerk in hierdie streek wil seermaak, is om die jeug aan te val. Hulle kan aangeval word deur hul opvoeding, families, kulturele verwagtinge en die stelsels en strukture wat Christene van hul geboorte tot hul dood marginaliseer.

Dié wat die Kerk wil seermaak, wil nie hê dit moet 'n plek wees waar mense in hul geloof groei, mekaar ondersteun en mekaar dien nie. Hulle wil beslis ook nie hê dit moet 'n impak op die samelewing hê nie. Hulle vertel die Christen-jeug dus op verskillende maniere dat sekere plekke en sferes in die samelewing eenvoudig nie vir hulle bedoel is nie.

Dit keer God egter nie om jongmense wat transformasie in die Kerk en samelewing bring, te verhef nie. Ons sien hoe jeugdige baanbrekerswerk doen in hul kerke se gemeenskapswerk en gerespekteerde leiers in hul gemeenskappe word wat siekes besoek, vir hulle bid, met hulle praat en die Bybel saam met hulle bestudeer.

Ander jongmense organiseer sport en aktiwiteite vir kinders van alle gelowe, terwyl nog ander die moeilike onderwerpe van geloof en geregtigheid op sosiale media bespreek en ander jeugdige aanmoedig om dieper te dink en in hul geloof te groei. Al hierdie dinge bots met die boodskap dat die samelewing hulle straf – dat hulle moet stilbly en uit die samelewing bly.

Hierdie jongmense is 'n doring in die vlees vir dié wat die Kerk wil verhoed om 'n instrument van transformasie te wees. Waar kan jy vandag positiewe transformasie bring op gebiede waar mense van jou verwag om stil te wees? Waar is daar ruimte vir jou om 'n unieke seën vir ander te wees? Waar is jy geëposisioneer om transformasie te bewerkstellig?

Help families van vermiste Christene om hoop te vind

Sana het in 2014 na die loop van 'n Islamitiese Staat-vegter se geweer gestaar terwyl sy hom gesmeek het om haar man en twee seuns toe te laat om saam met haar te gaan. Dis nou sewe jaar later, en Sana het hulle nog nooit weer gesien nie. Tot hierdie jaar het sy hul ontvoering nog met niemand gedeel nie.

Ongelukkig word die verhale van Christene soos Sana se familie, wat deur die Islamitiese Staat ontvoer word, vir jare stilgehou uit skaamte en vrees. Dit word egter nou een na die ander ontbloot.

Maar waarom word die verhale van Christen-gevangenes wat deur die Islamitiese Staat aangehou word, vir so lank stilgehou?

“Ons mense hou nie daarvan om oor die pyn in hul binneste te praat nie. Hulle hou ook nie daarvan om te praat oor wat gebeur het toe hulle deur die Islamitiese Staat aangehou is nie – veral nie wanneer hulle soos slawe gebruik is nie, soos sommige van die meisies,” sê 'n kerkleier, Ammar.

In 'n land met geen noemenswaardige geestesgesondheidstelsel om die kwessies aan te spreek wat die Christen-gemeenskap vandag ervaar nie, beklemtoon die



Sana wag steeds vir haar ontvoerde man en twee seuns om terug huis toe te kom.

verhale van ontvoerings die voortdurende behoefte aan Sentrums van Hoop.

Danksy jou ondersteuning kan ons kerke soos Ammar s'n ondersteun om Sentrums van Hoop te word. Behalwe vir praktiese en geestelike ondersteuning, verskaf dié sentrums ook emosionele ondersteuning. Ons weet nie of Sana hulp sal aanvaar nie, maar daar is baie Christene soos sy wat ons ondersteuning benodig. *“Hulle het iemand nodig wat na aan hulle kan wees en na hul behoeftes kan luister. Iemand wat hulle kan help om hoop vir die toekoms te vind,”* sê kerkleier Ammar.

Genesing van vervolging neem tyd. Daarom is jou voortgesette hulp vir die Irakse Kerk om 'n Sentrum van Hoop te wees te midde van voortdurende onrus noodsaaklik sodat ons broers en susters kan weet dat hulle nie vergeet word nie. So dankie vir jou deurlopende gebede en ondersteuning!

Jou ondersteuning help die Woord van God versprei

Die Bybel is h skat waaraan vervolgde Christene in hul donkerste ure vashou. Vir party is dit egter moeilik om h Bybel of Bybelstudieboeke in die hande te kry.

In plekke soos Irak het die koronavirus-pandemie Bybelverspreider Ramy* se werk bemoeilik. Hy doen dit egter met h blye hart, want weens die pandemie het mense die Bybel tuis begin bestudeer. Hulle sien dit as hul belangrikste boek. Sommige van hierdie Christene deel wat die Bybel vir hulle beteken.

Die 21-jarige **Sedar** se oë blink wanneer sy oor God, Sy Kerk en Sy Boek praat: *“Die Bybel is die belangrikste boek in die wêreld.*

Dit is die boek wat ons die meeste leer en is fundamenteel vir elke mens.”

Jalila (75) sien nie meer so goed soos voorheen nie, maar dit keer haar nie om haar Bybel te lees en dit daagliks met haar kleinkinders te deel nie. Haar Bybel was die enigste boek wat sy saamgeneem het toe sy vir die Islamitiese Staat moes vlug. *“Die Bybel is voedsel vir die siel. Dit is die belangrikste ding in my lewe,”* sê sy.

Danksy jou ondersteuning het haar kleinkinders h Kinderbybel en ander boeke ontvang, wat hulle help om hul geloof te verstaan. **Aram** aard na sy ouma deur die Woord van God te deel: *“Ek deel die verhale wat ek lees met my vriende by die skool,”* sê hy.

Sabah, wat tien jaar in h Iranse tronk as h krygsgevangene deurgebring het, het sedert h jong ouderdom h liefde vir die

(vervolg op bladsy 7)





“Sonder die Bybel lewe jou liggaam sonder om regtig lewendig te wees.”

(vervolg vanaf bladsy 6)

Bybel by sy seun, **Miron** (25), gekweek. “Die Bybel is die gees van die liggaam,” sê Miron. “Sonder die Bybel lewe jou liggaam sonder om regtig lewendig te wees.”

Dankie dat jy hierdie noodsaaklike deel van ons bediening oor die jare ondersteun het. Dit is 'n reuse seëning vir talle vervolgte Christene, want die Woord van God bemoedig en versterk hulle en herinner hulle daaraan dat hulle nie alleen is in hul swaarkry nie. Soos Jalila sê: “Ek luister deur die Bybel na Sy stem. Ek weet my Vader se hand is oor my.”

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

MAAK HOOP SIGBAAR

Miljoene Christene ervaar vervolging en diskriminasie weens hul geloof in Jesus. Terwyl die vervolging teen hulle aanhou om toe te neem, is hoop vir die toekoms die een ding wat hulle nou meer as ooit tevore nodig het.

Jy kan help om hoop sigbaar te maak deur 'n draer van hoop te word. Deur maandeliks te gee, kan jou ondersteuning hoop tasbaar maak deur aan ons vervolgte broers en susters se dringendste behoeftes te voldoen.

“Wanneer 'n honger persoon 'n kospakkie ontvang, gee dit hom hoop. Wanneer iemand 'n klein besigheid kan begin, gee dit hoop. Wanneer 'n moeder van 'n huishouding met 'n vroulike hoof warm winterklere vir die kinders kry, gee dit hoop. En dit is aansteeklik

om hoop te gee. Wanneer iemand sien dat 'n persoon 'n suksesvolle klein besigheid begin, gee dit ook hoop aan ander mense. Iemand wat hoop het, versprei hoop,” sê Mourad,* koördineerder van ons werk in Sirië.

Indien jy vandag in staat is om 'n verbintenis te maak, oorweeg dit asseblief biddend om 'n maandelikse donateur te word en te help om hoop lewendig te maak in die lewens van ons familie in Christus.

Besoek [www.opendoors.org.za/wees_hoop_of_skandeer die QR-kode om 'n maandelikse debietorder te gee](http://www.opendoors.org.za/wees_hoop_of_skandeer_die_QR-kode_om_'n_maandelikse_debietorder_te_gee).

Stuur alternatiewelik 'n epos aan southafrica@od.org of skakel ons by 011 888 9341.



Vanuit die hart

Beste vriend

Ek is onlangs in my daaglikse stiltetyd beide uitgedaag en bemoedig toe ek Paulus se tweede brief aan die Korintiërs-kerk gelees het. Hy het hulle geprys vir hul gretigheid om die armes in die Kerk in Jerusalem te help, en vir die berigte oor hoe hul entoesiame die Kerk in Masedonië tot aksie gedryf het, selfs al het hulle nie baie gehad om te gee nie.

Paulus vergelyk dan gee met die saai van saad en die wonderlike belofte dat as hulle vrygewig en met blymoedige harte gee, God in staat is om aan al hul behoeftes te voldoen. Boonop sal Hy dan hul saadvoorraad tot so 'n mate vergroot dat hulle kan aanhou om met elke geleentheid vrygewig te wees, en hul vrygewigheid sal op sy beurt tot danksegging aan God lei.

Dit is 'n uitdaging omdat ons eie onsekere omstandighede tydens 'n wêreldwye pandemie ons huiwerig kan maak in ons vrygewigheid aan die Kerk wat elders in die wêreld in nood verkeer. Maar dit is bemoedigend om te weet dat ons nie God se vrygewigheid kan oortref nie.

Soos wat jy in hierdie nuusbrieff kan sien, loof die Kerk in die Midde-Ooste God oor jou geskenke en gebede wat Christene in nood gehelp het. Ek dank God saam met hulle vir Sy voorsiening deur jou vrygewigheid.

Ondersteuning is noodsaaklik vir die voorsiening van basiese behoeftes en leierskapsopleiding vir die Kerk in Sirië, Irak en elders. Dit is 'n geleentheid om vrygewig te wees. So oorweeg dit asseblief om as 'n maandelikse donateur op te teken om die vervolgte Kerk te dien terwyl hulle moedig in onseker omstandighede voortleef.

Jou vrygewige geskenke sal tot danksegging aan God lei en ander deur Sy genade tot aksie dryf.

Vrede

Lynette

Lynette Leibach

Uitvoerende Direkteur

Geopende Deure Suider-Afrika



Vervolg  Maar nooit alleen.



Open Doors South Africa


Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za

 064 867 4730

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandrè by [milandre@od.org](mailto:milandreh@od.org)
REG # 2004/023397/08 | Drukkerwerk deur Resolution Litho